

Die profeet Amos

1. Waar het Amos gebly?

Hy het in Tekoa gebly.

- Tekoa was 'n plekkie wat suid van Jerusalem af gelê het.
- 'n Mens het ongeveer twee uur te voet geloop van Jerusalem af tot in Tekoa.

Amos kom dus uit die stam van Juda uit!

Dit is dieselfde stam as waaruit koning Dawid en die Here Jesus gebore is!

Hoe weet ons dit? Ons het twee feite waaruit ons dit agterkom:

- Tekoa lê in die grondgebied van Juda.
- Amasia, die priester van Bet-el, sê vir Amos dat hy na sy eie plek – Juda – toe moet vlug!

Toe sê Amásia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! (Amos 7:12 AFR1953)

2. Wat was Amos se sosiale posisie?

Amos het twee verskillende werke gedoen wat nogal taamlik uiteenlopend van aard is! Amos was 'n veeboer maar hy was ook betrokke in die landbou.

- Hy was 'n skaapwagter.
 - Met ander woorde, hy het sy eie skape opgepas.
 - Hy was dus deel van die groepie skaapboere in daardie omgewing. Hulle het hulle inkomste met die skaapboerdery gemaak deur hoofsaaklik offerdiere aan die offergangers na Jerusalem te verkoop (soos ook die skaapboere van Betlehem).
 - In die moderne sosiale strukture waarin ons vandag leef, is dit 'n minderwaardige werk om 'n skaapwagter te wees. In die tyd van Amos was dit 'n baie gewilde beroep. Selfs konings het dit gedoen!

En Mesa, die koning van Moab, was 'n skaapboer, en hy het aan die koning van Israel gelewer honderd duisend lammers en honderd duisend ramme se wol. (2 Konings 3:4 AFR1953)

- Amos het ook nog wildevyebome gekweek! Ons lees dit in Amos 7:14:

Toe het Amos geantwoord en aan Amásia gesê: Ek was geen profeet en ook geen profete-seun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. (Amos 7:14 AFR1953)

- Wildevye is nie giftig nie. Dit is eetbaar.
- Normaalweg smaak wildevye nie lekker nie.
- In daardie jare kon dit glad nie so maklik in die hande gekry word soos wat ons vandag net winkel toe kan loop en dit gaan koop nie.
- Hulle het dus alles geëet wat eetbaar was – ook wildevye.

3. Wie is Amos?

Amos is deur die Here geroep om 'n profeet te wees. Dit beteken dat die Here dinge aan hom openbaar.

- Dit kan dinge wees wat die Here gedoen wil hê, soos dat die volk van hulle sondes af moet wegbreek.
- Of dit kan dinge wees wat die Here gaan doen (met persone of volke of in die geskiedenis).
- Dan moet die profeet vir die volk gaan preek en hierdie dinge in sy preek vertel.

Moet 'n profeet 'n geleerde mens wees?

- Nee, nie noodwendig nie. God gebruik enige mens.
- In Amos se geval het die Here 'n skaapwagter ('n veeboer) en iemand wat boompies kweek in sy diens gebruik om die mense te waarsku en te vermaan.

Was Amos regtig ongeleerd omdat hy hierdie nederige werk van skaapwagter wees gedoen het.

- Die antwoord is waarskynlik: Nee! Die boek Amos is in pragtige taal en digterlik geskryf.
- As Amos onontwikkeld was, sou hy nie hierdie soort taal kon gebruik en so digterlik kon wees nie.
- Amos was 'n hoogs begaafde mens.

4. Amos se roeping

Dieselfde goddelike Gees wat in die howe/hof van konings oor Jesaja en Daniël gekom het, het ook oor Amos in die skaapkrale gekom.

- Die Here het aan elkeen van hulle die nodige kragte en welsprekendheid vir hulle taak gegee.
- Daar moet nie neergesien word op die aan wie God die gawes (vermoëns) gegee het om in sy diens gebruik te word op grond van hulle nederige herkoms nie.

5. Wat is die inhoud van sy profesie?

Al kom Amos uit Juda, het die Here hom gestuur om hoofsaaklik teen Israel te gaan profeteer!

Dit weet ons omdat hy in Bet-el profeteer:

Toe het Amásia, die priester van Bet-el, Jeróbeam, koning van Israel, laat weet: Amos het 'n sameswering gesmee teen u midde-in die huis van Israel; die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie. Want so het Amos gesê: Jeróbeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap gaan. Toe sê Amásia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! Maar in Bet-el mag jy verder nie meer profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk. Toe het Amos geantwoord en aan Amásia gesê: Ek was geen profeet en ook geen profeteuseun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. Maar die H_{ERE} het my agter die kleinvee weggeneem, en die H_{ERE} het aan my gesê: Gaan heen, profeteer teen my volk Israel. Hoor dan nou die woord van die H_{ERE}! Jy sê: Jy mag nie teen Israel profeteer

nie, en jy mag geen woorde laat druppel teen die huis van Isak nie. Daarom, so sê die HERE: Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sekerlik in ballingskap uit sy land gaan. (Amos 7:10-17 AFR1953)

Die inhoud van sy profesie:

- Hy verseker (bevestig aan) die twaalf stamme van die vernietiging van die omringende (naburige) nasies (volke).
- Omdat hulle ook in daardie tyd in sonde en afgodediens verval het, vermaan hy die Joodse volk ernstig.
- Amos beskryf genadiglik ook die herstel van die kerk deur die Messias tot in die laaste dae.
- Oordele oor die naburige volke wat God se volk onderdruk, word uitgespreek. Die Here laat Amos uitsprake maak teen die inwoners van Tirus, die Siriërs, Filistyne, Edomiete en Ammoniete.
- Die wyse van optrede teenoor hierdie volke kom in sekere opsigte ooreen, maar in elke geval is daar 'n bepaalde verskil.
- Deur al die eeue is hierdie wrok (bitterheid) teenoor die Here se volk getoon.

Die hoeveelheid (aantal/getal) oortredings wat Amos opnoem, beteken nie 'n presiese getal nie, maar 'n groot aantal (baie); hulle het die maat/hoeveelheid van hulle sondes volgemaak (gevul) en was nou ryp (gereed) vir die voltrekking van die oordeel.

Hoe verskriklik is die Here se oordele nie wanneer Hy met sy vyande afreken nie!